I. INLEIDING

ENKELE INTERESSANTE ASPEKTE OOR SUID-AFRIKAANSE WILDEVYE

DR. VAN GREUNEN

INLEIDING

Wildevye was gedurende die Kryt en Tersiêre era (25 - 100 miljoen) jaar gelede reeds goed gestabiliseer op aarde, soos aangedui deur die vyefossiele uit die Rocky Mountains van Noord-Amerika. Aangesien bestuiwing van die vy afhanklik is van bepaalde klein wespe, het die intieme vy-wesp verhouding waarskynlik sedert die Kryt reeds bestaan.

Sover die mens-vy verhouding betref, gaan die geskiedenis terug tot so ver as die predinastie van Egipte (3000 jaar V.C.). Ficus sycomorus (gewone trosvy) is op groot skaal in Egipte aangeplant. Die plante kan nie op natuurlike wyse in hierdie gebied en verder Noord versprei nie aangesien die bestuiwingsvektor nie daar voorkom nie. Droë vrugte van F.Sycomorus is in die graf van Ani (1100 V.C.) aangetref. Die hout is vir die maak van verskeie huishoudelike ware, houers en doodskiste gebruik. Die plante is so hoog waardeer dat dit aan die godin van liefde, Hathor, opgedra is en ook op basrelief en papirustekéninge uitgebeeld is.

Van Egipte is die plante na Israel gebring en veral in die kusgebiede en in die Jordaanvallei aangeplant waar die hout en vrugte deur die armes benut is. Op verskeie plekke in die Bybel word melding gemaak van Wildevye. So word berig dat Saggeüs in 'n Wildevyeboom geklim het om Christus beter te kon sien omdat hy maar 'n kort mannetjie was. In Amos 7:14 sê die profeet: "Ek was geen profeet nie en ook geen profeteseun nie; maar ek was 'n skaapwagter en kweker van wildevyebome." Sekere vertalers van die Bybel is egter van mening dat hy nie 'n kweker van Wildevye was nie, maar iemand wat die vrugte met 'n spesiale messie verwond het. Hierdie praktyk is skynbaar redelik al-